# Die KOSMOS

Jaargang 35 Uitgawe 8 April 2014



## DIE PRESIDENTE SAAMTREK



'n Rekord getal 276 woonwaens wat

saamgetrek het vir die Presidente 2014.



# OORDENKING

## Hoekom moet ek Haat

Iemand het vandag kom vra: Hoekom moet ek my ouers haat soos geskryf in Lukas 14:26? Ek het 'n bietjie ondersoek ingestel en op die pragtige verduideliking afgekom.

Die Here Jesus het gesê *"As jy nie jou eie lewe haat, as jy nie jou vader en moeder haat en jou man en vrou haat, jou kinders haat, as jy nie afstand doen van wat jy besit nie, kan jy nie My dissipel wees nie" (Lukas 14:26).* **Hierdie haat beteken nie 'n emosionele haat nie.** Die oorspronklike woord beteken in die Hebreeus: **in die tweede plek stel.** Die Here Jesus kyk vir hierdie skare wat moeg is en Hy sê: Mens, jy is so moeg. Weet jy hoekom is jy so moeg? Jou aandag is te verdeel. Jy is met te veel goed besig. Jou fokus is nie reg nie. Jy moet 'n besluit neem dat Jesus alleen die eerste plek in jou lewe opneem en al die ander goed neem tweede plek in. As jy dit nie doen nie is dit verby met jou lewe. Jy is besig om jouself uit te brand. Dis die keuse wat jy moet maak.

*Geskryf deur Paula - Oordenking*

## INHOUDSOPGAWE


Voorblad Nuus............................1
Oordenking………….............…..2
Redaksie……….……………..........3
Van die Voorsitter………...…......3
Voogdelys…………………….........4
Verjaarsdae………………..............5
Huweliksherdenkings…..............5
Lief en Leed...............................5
Lekkerbek……..……….…..….......6
Streeks Baadjies.........................7
Voorraad....................................7
Uit God se Apteek.......................8
Handige Wenke..........................8
Uit die Natuur……………….…...9
Saamtreknuus……….................10
SAWA Oosvaal Geskiedenis....12
Oplossing van Blokkiesraaisel..13
Blokkiesraaisel..........................14
Tegnies.....................................15
Tieners.....................................16
Senior Burgers..........................17
Kleuters……………...…………...18
Jaarprogram…………..……........19






## REDAKSIE



Hallo Vriende

Die Presidente is verby, en ongelukkig kon ek en Andre dit nie bywoon nie. Lyk my ons het 'n klomp pret misgeloop!

Die van julle wat dit nog nie agtergekom het nie, die winter is hier met 'n gejuig! Net eweskielik het dit koud geword. Ek wonder of dit 'n teken is dat ons 'n baie koue winter gaan ervaar as verlede jaar. Verlede jaar was nie vir my so koud nie, miskien omdat ek laat kon lê in die oggend. Gelukkige ekke!

Ons volgende groot kamp is die AJV wat ons in Augustus gaan hou. Boek sommer nou al die datum op julle kalender! Ons beplan 'n groot partytjie en het 'n klompie van ons vorige Voorsitters ook genooi.

Ons hoop die stemmery wat moet plaasvind begin Mei, sal vlot verloop!

Marianne

## 'N PAAR WOORDE VAN ANDRE



Dagsê Geagte Vriende

Die afgelope Paasnaweek was heel anders as vorige jare vir ons. Die feit dat ons nie by die Presidente kamp was nie is miskien die rede.

Baie dankie aan almal wat wel daar was vir julle harde werk en vrygewigheid, ek verstaan dat dit weereens 'n groot sukses was en dat almal dit geniet het.

Ons volgende kamp is by Soetdoring en ek sien baie uit daarna. Ons het vroeër die jaar die kampterrein besoek en ek moet vir julle sê dit lyk na 'n juweel. Vir die wat nie weet nie Soetdoring is net buite Vereeniging.

Onthou om ons streek se fondsinsamelings projekte te ondersteun, soos die Blesbok wat gewen kan word deur net vir 'n klein donasie 'n maklike vraag te beantwoord oor dié spesifieke bok. Al die geld gaan vir ons 35ste verjaarsdag in Augustus later die jaar.

Sien julle by die volgende kamp.

Vriendelike Groete

Andre Erasmus



# VOOGDELYS

**ANDRE EN MARIANNE ERASMUS (Tel** *Andre 0833007706; Marianne 0828902019***) e-pos Adres:** *erasmums@gmail.com*; **Straatadres:** *Middelbultstr 25, Secunda*



Lance & Retha Batts; Hennie & Monica Oosthuyzen; Gregor & Ria van Deventer; Paul & Anriëtte van Schalkwyk; Neil & Henriëtte van Wyk en Henry Viviers

**MARTIENS EN ALTA GROBLER (Tel** *Martiens 0824668110; Alta 0812708916***) e-pos Adres:** *maralt@telkomsa.net*; **Straatadres:** *Kleynstraat 2, Secunda*



Kobus & Annatjie Bester; Peet & Elsie Jonker; Corné & Christa Thirion; Chris & Thiana Bornman; Alta van Heerden en Peter & Vernice Richard

**JOHAN EN KARIN BURGER (Tel** *Johan 082 923 5614***) e-pos Adres:** *johan.burger@telkomsa.net*; **Straatadres:** *Vermeerstraat 18, Secunda*



Francis & Marlize Hodgeman; Edwin & Rene Sieberhagen en Francois & Mariane Ueckermann en Johan & Magda van Dyk

**DAVID EN REA VAN AS (Tel** *David 071 867 0129***) e-pos Adres:** *dawid.vanas@sasol.com*; **Straatadres:** *Waterberg straat 9, Secunda*



Nico Botha; Danie & Annelie Meyer; Sakkie & Gretha Mocke; Brad & Astrid Blake en Kobus & Hannatjie Roets

**JOHN EN YOLANDA BRUMMER (Tel** *Yolanda 079 883 6226***) e-pos Adres:** *Yolanda.brummer@worleyparsons.com*; **Straatadres:** *Waterson straat 11, Secunda*



Ronnie & Magda Moorcroft; Theo & Elize Saayman; Frans & Ohna Steyn en Neil & Marietta Parks

**ANDRE EN ANNEMARIE FOURIE (Tel Annemarie** *082 852 0657* **) e-pos Adres:** *Annemarie.fourie@sasol.com*; **Straatadres:** *Krokodilrivierstr 7, Secunda*



Jacques Fourie; Pierre Fourie; Div & Bella de Villiers; Wimpie & Rita Meintjes; Gert & Lena van Rensburg



# VERJAARSDAE

## April

06 - Hennie Oosthuyzen
17 - Karin Burger




## Mei

10 - Gregor van Deventer
*11 - Michelle Parkes '03*
13 - Chris Bornman
19 - Danie Meyer
19 - Magda van Dyk
23 - Corné Thirion
26 - Theo Saayman

# HUWELIKSHERDENKINGS

## April

01 – Francois & Mariane Ueckermann

05 – Edwin & Rene Sieberhagen

## Mei

18 – Brad & Astrid Blake

# LIEF EN LEED

## LIEF

- Nuwe lede Kobus en Annatjie Roets met hul 2 seuns Hanko en Henriko, het aangesluit by ons streek. Sal later 'n foto van hul plaas.
- Baie geluk aan Chris en Tiana Borman met die geboorte van hul eerste kleinkind.

## LEED

- Gerhard en Ankia van Niekerk het hul lidmaatskap bedank by ons streek. Hulle sal later weer aansluit sodra hul kinders bietjie groter is.



# LEKKERBEK – SJOKOLADE PANKOEK

*Resep ingestuur deur Tannie Corrie Boer*

**Hieronder is die resep vir die sjokolade koek wat ons die afgelope Presidente bedien het na Vrydag oggend se kerkdiens:**

## BESTANDELE:

3k Koekmeel

4t Bakpoeier

2k Suiker

1t Koeksoda

⅓k Kakao

Knippie Sout

2k Kookwater

1k kookolie

2t Vanielje Geursel

50ml Wit Asyn

## METODE:

Voorverhit die oond 180°. Spuit oondpan. Sif al die droë bestandele, meng die res van die bestandele saam in 'n beker en gooi egalig oor die droë bestandele. Klits met 'n vurk in die droë bestandele in. Maak gelyk en stamp effens om die meeste van die blasies te verwyder. Bak vir 20 minute. Giet die volgende gemengde bestandele oor warm koek:

125g gesmelte botter

2k versiersuiker

6t kakao

1t vanilla

3 groot lepels koue swart koffie.

**Geniet!**



# STREEKS BAADJIES

Sawanante

Ons is baie opgewonde oor die nuwe baadjies vir die die Streek.  Sien foto onder.

Plaas asseblief so gou moontlik jul bestellings by Martiens en Alta Grobler






| | S - L | XL – 2XL | 3XL – 5XL |
|---|---|---|---|
| Mens & Ladies All weather jackets | R 310 BTW uitg. vir die baadjies | | |
| Mens & Ladies  Golf Shirts | R165 BTW uitg. vir die golf hemde | | |

Bogenoemde prys sluit die koste van die borduur uit. Kontant met alle bestellings asb.

# VOORRAAD

## Voorraad Beampte: Annemarie Fourie


Sweetpakke
Boshoed
Sirkel & Snorre
Windjakker
Windjakker (Waterdig)
Oosvaalhemde
Oosvaalpette

**Alle verkope - Kontant met bestelling**



## UIT GOD SE APTEEK – Spanspek

*Artikel uit TUISAPTEEK van Anna Eksteen*




## HANDIGE WENKE

*Ingestuur deur Johan Burger*








## UIT DIE NATUUR - ONS NASIONALE BLOM

**DIE** koningsprotea, ons land se pragtige nasionale blom, word ook die reuse-protea genoem. Dit kom wydverspreid in die suidelike en suidwestelike dele van die Wes-Kaap voor en in die Oos-Kaap tot net oos van Grahamstad.

Die Proteaceae, ’n verstommende groep van sowat 370 bekende spesies, kry juis hul naam van die god Proteus in die Griekse mitologie wat verskillende vorms sou kon aanneem soos dit hom behaag het. Ondanks hul verbasende veelvormigheid het proteas egter beslis beskerming nodig en nagenoeg 120 spesies word as bedreig (verdwynend of uitsterwend) gelys.

Die indrukwekkende blomkoppe van die koningsprotea is die grootste in die protea-genus en kan tot 30 cm in deursnee wees. Aan die buitekant is talle stywe, gepunte, smal skutblare wat dit ’n kelkvorm gee. Die onderste helfte van die skutblare is roomkleurig of geel en raak helderpienk of fluweelrooi in die boonste helfte. Binne-in die kelk is ’n massa van wit meeldrade wat almal na die middel toe neig.



# SAAMTREK NUUS

## PRESIDENTE SAAMTREK

**17 TOT 21 APRIL 2014**




Almal wat gehelp het met die koek en koffie Vrydag oggend na die Kerkdiens



Paul, Annatjie, Anriette en Kobus was skottelgoed



Maak reg vir die Kerkdiens



Ons stalletjie met die Kermis

**276 woonwaens**, R62000 en 'n paar gebuigde tentpenne later, was 2014 Presidente by Klipdraai weereens 'n ervaring om te onthou. Vir die begin van Aprilmaand was die weer heerlik warm en het die kinders (al 126 voorskool en laerskool) baljaar in die swembad. Maar kom ons begin by die begin ……

*Fil 2 .. Dieselfde gesindheid wat in Jesus was, moet ook in julle wees … nederigheid, dankbaarheid, vergewingsgesindheid, …* Dit was Ds Johan Peyper se tema vir die naweek en daarmee saam die heerlike samesang van almal wat die byeenkomste bygewoon het, maak dit weereens die moeite werd om deel te wees van so 'n organisasie soos SAWA.

Saterdag was weereens kermisdag en kon almal heerlik smul aan lekkernye en eetgoed wat reeds vanaf Donderdag (hamburgers) / Vrydag (boerewors rolle) te koop was. Saterdag was dit weer die ontbyt-op-brood, kerrie & rys, pap-en-kaiings wat die hoofmaaltye was, maar die draai aartappels ????. Die koffie en tee het vroeg al belangstelling gehad en was al die 150 bekers uitverkoop nog voordat die boeresport begin het. Gepraat van die boeresport – dit is beslis iets waarna ons as streek kan kyk om volgende jaar aan deel te neem. Die kampeerders en deelnemers het almal baie pret gehad en was dit een van die naweek se hoogtepunte.

# SAAMTREK NUUS...VERVOLG



Die koffie en bekers verkoop!



Tafel wat Annatjie en Retha gedek het







Sit aan vir 'n heerlike potjie

Die res van die naweek was baie rustig en kon almal heerlik saam kuier. Vir die Oosvalers was dit weereens die perfekte geleentheid om saam om die potte te vergader en potjiekos te maak. Dankie weereens aan Lance / Retha & Kobus / Annatjie wat daarvoor verantwoordelik was. (*Ek kou nou nog my vingers af).*

Ongelukkig was daar ook leed – Lance-hulle het hulle TV geskenk aan 'n onbekende, maar ek is seker dit het iewers in 'n huis vreugde verskaf (dalk teen 'n winskoop?).

Ek glo almal wat gekamp het, sal met my saamstem dat dit 'n besonderse naweek was en ek glo dat dit meermale gedoen kan word. Aan die volgende net weereens 'n baie dankie vir die naweek se saamwerk en saamkuier:

Lance & Retha; Kobus & Annatjie; David & Rea; Paul & Anriette; Johan, Karin & Jorika

Oosvaal groete,

Martiens en Alta







# SAWA Oosvaal GESKIEDENIS

**SAWA OOSVAAL vier hul 35ste bestaansjaar in 2014, het julle al gewonder waar en hoe als gebeur het?**

Ek het 'n bietjie navorsing gedoen en kan die volgende met julle deel:

*SAWA Oosvaal stig af op 1 Desember 1979 uit Suikerbosrand. Daar was agtien woonwaens by Unicorpark, Evander. Gelukwensinge is deur Chris Pienaar (hoofbestuur) oorgedra en Jan van Niekerk het namens Suikerbosrand die nuwe streek 'n voorspoedige voortbestaan toegewens.*

Nou daar begin ons streek en 35 jaar later is ons nog steeds hier, miskien nie meer so sterk as in die verlede nie maar met die huidige 40 lede gaan ons nog volstoom voort.

Nog 'n paar mylpale in die laaste 35 jaar is:

- Streek Olifantsrivier stig af uit Oosvaal op 26 November 1983 en uit hulle stig Panorama streek af op 14 Mei 1988
- Streek Suid-Oos stig af uit Oosvaal op 16 September 1989 en uit hulle stig Drakensberg sataliet af in Februarie 1991, ongelukkig moes die sataliet ontbind in 2013.
- Nog was dit nie al nie en ons nuutste streek Luiperds stig af op 21 Julie 2008

Dit is voorwaarlik as 'n streek iets om oor trots te wees  om te dink uit een streek is ons huidige gebied gebou.

As julle enige inligting, fotos en of stories het van ons streek oor die laaste 35 jaar stuur asseblief dit aan Marianne of myself.  Goed soos hoe het die eerste plaatjie gelyk wat was die evolusie daarvan tot nou toe om een voorbeeld te noem.

Sien uit na al jul bydraes

Byvoorbaat dankie

Andre Erasmus

*Bronne: SAWA web en ou nuusbriewe, Sawanant.*





# BLOKKIESRAAISEL OPLOSSING

| | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| B | E | D | R | O | G | | E | N | D | E | M | I | E | S |
| E | | A | | P | A | N | G | A | | I | | N | | I |
| T | I | M | M | E | R | | G | A | A | N | | S | E | E |
| Y | | V | | R | E | G | O | P | | D | | T | | K |
| D | R | A | M | A | | | | E | L | E | M | E | N | T |
| S | O | L | O | | S | E | B | R | A | | E | M | O | E |
| | O | | E | | K | | E | | S | | L | | T | |
| V | I | E | R | T | R | E | K | | P | R | O | D | U | K |
| | M | | B | | A | | E | | O | | D | | L | |
| M | I | T | E | | A | D | R | E | S | | I | T | E | M |
| | E | | I | M | P | I | | E | | L | E | W | E | |
| K | R | Y | | E | | A | K | N | E | E | | E | R | D |
| | | S | O | N | | M | A | K | | U | W | E | | |
| P | E | T | | S | K | A | R | E | | E | | D | E | K |
| | V | E | T | E | | N | | E | E | N | S | | K | |
| M | O | R | E | | S | T | O | R | T | | I | K | O | N |
| | L | | R | | T | | K | | L | | G | | N | |
| M | U | M | M | I | E | | A | G | I | T | A | T | O | R |
| | S | | I | | R | | P | | K | | R | | M | |
| T | I | P | E | | E | L | I | T | E | | **E** | **W** | **I** | **G** |
| V | E | R | T | R | O | U | | | | S | T | O | E | R |
| S | | O | | E | | U | N | I | E | K | | E | | O |
| T | O | T | | E | L | K | E | | N | E | U | R | I | E |
| E | | E | | D | | S | E | P | I | E | | T | | T |
| L | I | A | S | S | E | E | R | | G | R | A | S | I | E |





# BLOKKIESRAAISEL

Gebruik die woorde om die raaisel te voltooi

| | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | |
| | W | O | W | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | |

As
So
Sy

Aas
Bak
Die
Gas
Kas
Kla
Lag
See
Tas
WOW

BAAS
Daar
Dien
Druk
Kamp
Klap
Klop
Plas

Eiers
Hande
Spore
Takke

Bakkie
Dankie
Drasak
Eiland
Laspos
Matras
Pompie
Potjie
Ryhuis
Woonwa

Bosveld
Jurgens
Sandveld
Sleephak
Kgalagadi
Tentpenne
Tentpenn
e
Sleepwaens
Toerusting
Sleepwae
ns
Toerustin
g



# TEGNIES

## Woonwa Veiligheid

Artikel geskryf deur Andre Erasmus

***"Man sterf toe vlamme woonwa verswelg"***

***"Seun (10) brand dood in woonwa langs viswater"***

***"Vrou in woonwa brand dood"***

***"Woonwa ontplof in buurt,  na dit  aan die brand geslaan het"***

Net 'n paar hoofopskrifte uit die media om ons te waarsku dat brande nog steeds een van ons grootste gevare is tydens 'n kamp.

Volgens wet moet elke woonwa 'n brandblusser hê maar ek dink dat elke woonwa eienaar ook meer verantwoordelik kan wees tydens kampe en die veiligheid van hul gesinne en mede kampeerders as hul eerste en hoogste prioriteit te stel.

Hier is 'n paar wenke om te verhoed dat brande moontlik kan onstaan:

- Moet nooit in hoë wind toestande oop vure maak nie.
- Moet nooit vure sonder toesig laat nie.
- Maak alle vure dood voordat jy gaan slaap.
- Maak seker dat jou brandtoerusting in goeie werkende toestand is.
- Maak seker dat almal in die gesin weet waar die brandblusser gebêre word.
- Sit 'n brand ontruimings plan in plek en oefen dit by kampplekke gereeld.
- Vind uit waar die oord se noodbrand bestrydings toerusting is.
- Sorg dat nood nommers bekend is.
- Sien jou woonwa se gas toerusting gereed na en maak seker daar is geen lekke.

Ek is seker daar is nog vele meer wat gedoen kan word maar as almal net die basiese dinge doen soos hierbo genoem kan moonlike tragedies verhoed word.

Kamp lekker maar kamp ook verantwoordelik en dit sal altyd 'n lekker en goeie herinnering wees.







# TIENER DINGE

## Deel 1 van twee



Tieners het allerande weird styles... Movies, kleredrag, musiek, en een van die belangrikste, HOUDING!!! Almal weet dit... Maar ek gaan julle meer van die tiener lewe vertel, van alles waarvan meeste tieners hou...en hoe weet ek dit? Want ek is self 'n tiener! ☺

Kom ons begin by movies. Meeste tieners hou van Horrors en comedies... Daar is niks lekkerder as om saam met jou vriende in die sitkamer te "chill" en 'n horror te kyk nie. Vir ons is dit maar net lekker om onder komberse voor die TV te sit en ons self siek te skrik.
En dan net na daai "Boogeyman" of "Jeepers creepers" movie vir jou 'n snack in die kombuis te gaan haal en mekaar bang te maak! En op die ou einde daaroor te lag en ons self te geniet! Of wie sê ons wil die heeldag onder komberse sit en popcorn eet, ons wil dalk ook saam met 'n hele groepie vriende uitgaan na die flieks toe om 'n comedy te gaan kyk! Dit gee ons kans om bietjie met mekaar oor tiener dinge te gesels...



Klere drag. Wel, tieners is nou maar net weird... Ons het alle tipe klere styles. Punk is my persoonlike favourite. Ja, dis weird, maar alle tieners het hulle styles. Daar is nou weer ander wat Goth's is...

Hmm, nie cool in my oë nie. Om die heeldag egosentries te wees en om in swart aangetrek te wees sal dit net nie vir my doen nie. Maar, tieners dress 2 impress...Themselves!!



Musiek. Heavy metal, Punk rock, Pop, Hip-hop, ons hou van musiek wat ons laat "relax". As ons kwaad is, luister ons na heavy metal, al dink die ouers nie so nie, dit laat die tieners net op-cheer, veral na daai "fight" met die ouers, slaan gewoonlik die deur toe en sit die heavy metal kliphard... Meestal van ons is maar so. As ons hartseer is, luister ons punk rock, of rustige musiek. Die punk rock help om jou bietjie vroliker te laat voel en die rustige musiek laat jou partykeur dalk huil, maar dan huil jy als wat daar is om oor te huil, klaar uit. Hehe!!. Ons het ook ons gunsteling liedjies... net soos julle. Al lyk die sangers waarvan ons hou, baie erg, onthou, vir ons lyk julle sangers ook erg. Ek's net eerlik ☺




Groete,

♥Applekie♥

Deel twee in volgende uitgawe

*Uit rubriek: Applekie se Plekkie 21 Desember 2007*



# Die storie agter die swart rotse met wit strepe

*Geskryf deur Johan van Dyk*

*Storie vervolg........*

Die ander twee manne was net handlangers wat moes kosmaak, tent opslaan en so aan. Ben en Faan. Hulle moes ook die hout vir die kampvure aandra.

Nou ja, toe dit begin aand word het die manne begin rondkyk vir 'n gastehuis. Aangesien almal op daardie tydstip vol was, het hulle besluit hulle sal maar daar teen die rivier gaan tent opslaan. Hulle het immers hulle tente saamgery. Lang Hendrik vertel hulle toe dat die Sandrivier loop nie so gereeld in die somer nie, en nog minder in die winter want hy het geweet. Hulle maak toe so. James laat slaan toe sy tent so op die rivier oewer op, onder die bome. Sulke lekker groot koelte bome. Lang Hendrik het so 'n entjie weg van hom sy tentjie opgeslaan, want hy wou nie vir James pla met sy snorkery nie. Bang Jan het natuurlik, omdat hy so bang was vir goeters wat seil en kruip, besluit om in die rivierbedding, op die sand sy slaapplek te maak. Hy het daarvan gehou om so in die oopte te slaap. Dan kan hy na die sterre kyk. En hy kon hoor of iets na hom toe seil of kruip…of so het hy altyd te vertelle gehad.

Maar voor hierdie manne daar aangekom het was daar alreeds 'n 'bewoner' in daardie gebied. Omdat die rivier nie altyd so gereeld geloop het nie, het een baie groot, vet krokodil so saam met die water getrek. As die rivier vol was, het hy stroom-op getrek. Loop die water af, trek hy stroom-af.

(Vat weer 'n slukkie van jou bottel wat jy saamgebring het…maar as jy nie so 'n groot bottel gebring het nie moet jy dalk weer loop en ene gaan kry).

Op 'n dag het hierdie krokodil besef hy raak nou te oud vir hierdie op en af trekkery en besluit om maar vir hom 'n plekkie in te rig waar hy kan hibineer. Om homself te beskerm teen die warm bosveld son, besluit hy toe om homself onder die sand in te grawe en dan te wag vir die rivier om weer af te kom. So het die vet krokodil homself naby hierdie swart klippe tuisgemaak onder die sand. Lekker rustig lê hy daar…ongestoord en ongepla...in vrede.

Nou ja; wat ou Bang Jan nie geweet het nie, is dat hy net mooi bokant hierdie vet krokodil kom bedmaak het.

(Vat sommer 'n groot sluk uit jou bottel wat jy saamgebring het.)

*Storie vervolg........*

# VIR DIE KLEUTERS





## Oosvaal 2014 jaarprogram

| Datum | Plek | Tarief |
|---|---|---|
| 24 - 26 Jan | Tamboti Vreugdeplaas | Verby |
| 21 - 23 Febr | Loskopdam | Verby |
| 21 Mrt - 4 Apr | Wildtuin Toer<br>Onder Sabie 21-25 Maart<br>Maroela 26-29 Maart<br>Swadini 30 Maart - 5 April | Verby |
| 17 - 21 Apr | Presidente (Klipdraai) | Verby |
| 23 - 25 Mei | Soetdoring | R250 per nag |
| 27 - 29 Junie | Badplaas | R190 per nag<br>*Tarief nie bevestig nie* |
| 18 - 20 Julie | Natal Spa | R110 per persoon per nag kinders (6-12j) R70 per nag |
| 15 - 17 Aug | AJV Malonjeni | R200 per nag<br>*Tarief nie bevestig nie* |
| 19 - 21 Sept | Nasionale Kamp (Koppisol) | |
| 24 - 26 Okt | Riverside Lodge | R160 per nag |
| 21 - 23 Nov | De Voetpadkloof | R230 per nag |

***NB: Ons sal die tariewe insit soos dit beskikbaar kom***

## KONTAK ONS

**SAWA Webwerfadres - http://www.sawa.org.za/**

**SAWA eposadres - sawa.saca@gmail.com**

*Die **KOSMOS** word uitgegee deur Streek Oosvaal van die SA Woonwa-Assosiasie (SAWA). Plasing van berigte, artikels of enige ander bydrae of advertensie impliseer nie dat dit noodwendig die standpunt van SAWA is nie. Kommentaar en ander redaksionele artikels word deur die Redakteur verantwoord.*

## OOSVAAL BANK BESONDERHEDE

**Penningmeester:**
**Johan Burger**

**Bank : Standard Bank, Secunda**
**Rekeningnommer : 137501072**
**Takkode 05344**

## Nuusblad van Streek Oosvaal van die Suid-Afrikaanse Woonwa-Assosiasie

***Redakteur en bladuitleg**:*

Marianne Erasmus,

Posbus 5666, Secunda, 2302

Tel: 082 890 2019 (Sel)

Epos: erasmums@gmail.com